Waarom die maagdelike geboorte van Jesus

Die ontstaan en vorming van menslike lewe in die moederskoot is voorwaar 'n wonder van die Here. *"U het my ...in my moeder se skoot geweef. Ek loof U omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is U werke"* (Ps. 139:13-14).

Wat sal ons dan sê van die geboorte bo alle geboortes toe God mens geword het - die geboorte uit 'n maagd? Dit is so 'n buitengewone daad van God dat selfs leraars en teoloë wat dit aanvanklik geglo het, daaroor begin twyfel en sommige dit verwerp het, ook vandag. Dit sou darem te onmoontlik gewees het, totaal onnatuurlik! Maar God doen juis die onmoontlike (Jer. 32:17, 27)! Sommige se groot probleem is dat hulle God te klein is. Daar is dinge wat Hy nie kan doen nie.

God het die mens nie sondig geskape nie. Sonde is 'n onnatuurlike toestand vir die mens om in te wees. Is dit dan verbasend dat God soms bonatuurlik werk om die mens in sy onnatuurlike toestand van ongeloof te bereik. So wil Hy vir die mens 'n vaste versekering gee dat dit Hy is wat iets doen. Jesus se bediening was gevul met wonderwerke. Dit het begin met Sy wondergeboorte uit 'n maagd en geëindig met Sy opstanding uit die dode en Sy hemelvaart. Sy geboorte is een van die hoogtepunte van God se handelinge in wonders om die mens te oortuig dat Hy ingryp om die mens te verlos.

Mag die volgende jou help om Hom te aanbid.

Die vervulling van die Skrif

a. Gen 3:15 se saad van die vrou.
Na die sondeval het God aan die slang gesê: *Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Dit is duidelik uit die vervulling van hierdie woorde van God dat dit nie net op die vrou se kinders in die algemeen kan dui nie. Van watter mens is dit waar dat hy die slang se kop vermorsel het? Daar is net Een wat volgens die Skrif dit reggekry het, juis onder andere deurdat en nadat die slang Hom in die hakskeen gebyt het. Hy het die grootste oorwinning van die Satan in sy grootste nederlaag omskep.

Van hierdie Een is dit letterlik waar dat Hy *"saad van die vrou"* is omdat Hy in 'n vrou se skoot ontvang was sonder dat 'n man by haar gekom het..

b. Jes. 7:14
Toe Agas, 'n koning van Juda, geweier het om van God 'n teken te vra van bewaring teen vyande wat Juda wou aanval, het die profeet Jesaja vir hom gesê: *Daarom sal die Here self aan jou 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n Seun baar en Hom Immanuel noem.*

Dat hierdie teken eers in die toekoms vervul sou word, beklemtoon dat dit die Ewige is wat deur Sy profeet praat – Hy by wie môre alreeds gesien word asof dit nou gebeur. God wou 'n verlossing gee in vergelyking waarmee Sy vermoë om Juda teen sy vyande te bewaar soos niks sou wees nie. Ja, alle verlossings in Sy volk se geskiedenis het en sou eintlik na hierdie Kind heenwys.

Die Hebreeuse woord *alma* wat in die '33/'53-Afrikaanse Vertaling met *maagd* weergegee word, beteken volgens Koehler en Baumgartner se woordeboek "'n hubare meisie of jong vrou (tot met die geboorte van haar eerste kind)". In drie van die ses ander kere wat dit in die Ou Testament voorkom, sien dit ongetwyfeld op 'n ongetroude meisie, by implikasie dus 'n maagd (Gen. 24:43, Ex. 2:8, Ps. 68:26). Twee keer kan dit of 'n maagd of 'n jong, getroude vrou wees (Spr. 30:19; Hgl. 1:3 waarskynlik jong ongetroude vrou in 'n verhouding). Die enigste keer wat dit bo alle twyfel op 'n getroude jong vrou in die huwelik slaan, is in Hgl. 6:8. Die verband dui immers op 'n vrou in 'n harem.Twee oorwegings begunstig die vertaling *maagd* in Jes. 7:14.
(1) Die kind wat gebore sou word, sou 'n besondere "teken" van God wees. Dat 'n jong getroude vrou swanger word, is egter normaal en word verwag. Niks besonders daarin nie. So besonders sou hierdie teken egter wees dat die ander aangekondigde geboortes in die Bybel nie by hierdie een kom nie (Gen. 17:15-16; Rig. 13:3; Lk. 1:13-17), maar eintlik na hierdie een gewys het. (vgl. Maagdelike geboorte met geboortes uit verstorwe moederskote. Laasgenoemde kan nog gebeur maar eersgenoemde glad nie. Oor die radionuus is etlike jare gelede berig van 'n vrou in haar sestiger jare wat geboorte gegee het aan 'n kind.)

(2) Die Griekse vertaling van die Ou Testament deur Joodse geleerdes van ongeveer 285 v.C., die Septuagint, vertaal *alma* hier met *parthenos* wat net *maagd* beteken. Dit word in Mat. 1:23 aangehaal.

Dat die "teken" wat uit 'n maagd gebore sou word, daarby die naam "*Immanuel, God met ons"*, sou dra, impliseer 'n rein geboorte en sou bepaald 'n wonderbaarlike, Godgewerkte geboorte vereis. Daar is net een Persoon in die hele geskiedenis van wie dit alles letterlik waar sou wees.

Die vervulling van hierdie profesie met die geboorte van Christus sluit altwee die betekenisse van *alma* in – Maria was 'n maagd toe sy bonatuurlik swanger geword het maar getroud met Josef en seksueel nog "nie beken" nie (Mat. 1:25) toe haar kind gebore is, dus 'n maagdelike, jonggetroude vrou wat moeder word.

Optrede van engele

Die aartsengel Gabriël sê aan die begenadigde Maria: *Kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar.. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word... Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word* (Lk. 1:31,32,35). Ook verklaar 'n engel vir Josef in 'n droom Maria se swangerskap as 'n verwekking uit die Heilige Gees (Mat. 1:20).

Hierdie woorde kan nie anders verstaan word as dat dit 'n wonderbaarlike maagdelike geboorte aandui nie.

Na die geboorte kondig 'n engel vir herders dit aan, bring 'n hemelse koor aan God eer daarvoor en sing 'n lied van seën vir die mense op aarde (Lk. 1:2:8-14).

Die feit dat die herders gaan en die Kind vind wat in doeke gedraai is, bevestig dat hulle waarlik 'n hemelse aankondiging gekry het en dat die Kind *Christus die Here* is wat volgens die engel se woord gekom het. Daardeur word die woord van Gabriël aan Maria ook bevestig.

Engele is heilige wesens in diens van God. Daarom is hulle optrede 'n bevestiging van die waarheid en werklikheid van Jesus se maagdelike geboorte.

Die openbaring en kennis van God

In die Ou Testament is dit by Israel ingeskerp dat die Here alleen God is (Dt. 6:4; vgl. ook God se straf

vir hulle afgodery, bv. Jer. 44). Daarom was die Jode so ontsteld dat Jesus van Homself gepraat het asof Hy God is (Joh. 10:30-33).

God self het dit egter duidelik onderstreep dat hierdie man Sy Seun is deur dit hoorbaar vanuit die hemel te sê (Mat. 3:17, 17:5), dit met Sy opwekking uit die dode en hemelvaart te bewys en die Heilige Gees op hulle wat in Hom as Seun van God geglo het, uit te stort (Hand. 2:32-36, Rom 1:4).

Dit is daarom aanvaarbaar om Sy maagdelike geboorte ook as deel van hierdie grootse bewyse van die Vader oor Jesus te sien. Ja, die Seun wat vir ons gebore sou word, is al deur die profeet Jesaja onder inspirasie van die Heilige Gees Wonderbaar, ewige Vader en sterke God *genoem (Jes. 9:5). Sy geboorte uit 'n maagd sou dit al bewys. As God se* eniggebore *Seun gebore word, sal Hy dan nie die* eersgeborene *van die ganse skepping wees nie, Sy geboorte enig in soort en betekenis (Joh. 3:16, Kol. 1:15)?!*

Dit was vir die Vader belangrik dat dit moes vasstaan dat Jesus van voor Sy geboorte, van die moederskoot af, Sy Seun is wat vlees sou word. Daarom het die aartsengel Gabriël reeds met die aankondiging van Sy geboorte aan Maria gesê dat *die Heilige wat gebore sou word die Seun van God genoem sou word* (Luk. 1:35).

Met die koms van Sy Seun bereik die Godsopenbaring ‘n hoogtepunt. Die een God blyk die Drieënige God te wees – Vader, Seun en Heilige Gees.

Die beswaar kan ingebring word dat God as die ewige Wese geen begin of einde kan hê nie. Sluit dit nie enige geboorte en sterwe vir Hom uit nie? Hy kan Homself as God nie verloën nie en bly aan Homself getrou (2 Tim. 2:13). Dit hou in dat Hy nie anders kan as om die ewige God te wees en te bly nie.

Hy het egter nie opgehou om God te wees toe Hy in die vlees gekom het nie. Deur die mens na Sy beeld te skape het God van die begin af die moontlikheid daargestel om mens te word. Hy sou dit ook bedoel het. Sy gedagtes is tog van ewigheid af aan Homself bekend. Deur die mens te straf vir sy sonde het Hy die eer van Sy beeld gehandhaaf. Tog sou dit groter eer aan Hom bring as Hy Sy beeld in die mens sou herstel. Dit sou Hy doen deur die Seun van die mens wat Sy beeld volmaak en volkome sou vertoon omdat Hy ook die Seun van God is. So het Hy die mens se geskapenheid na Sy beeld bevestig en Homself grootliks verheerlik.

Die Seun het as Persoon nie eers ontstaan toe Hy mens geword het nie, maar 'n liggaam en natuur bygeneem wat die Heilige Gees vir Hom berei het. Hy is ten volle God en ten volle mens.

Sy verlossingswerk

Vir Hom om ons Verlosser te wees, moes Hy ware mens wees omdat die mens gesondig het en vir sy sonde gestraf moes word. Ook sou Hy sonder 'n sondige natuur in die wêreld moes kom en sonder eie sonde moes bly anders sou Hy nie vir ander se sonde kon sterwe nie.

Hoe kon Hy sonder sonde ontvang word indien Hy Sy menslike natuur aangeneem het uit 'n vrou wat ook maar 'n sondige natuur gehad het? Die Gees se oorskaduwing (Lk. 1:35) sou wel vir die Kind se vleeswording kon beteken het dat die sondigheid van haar menslike natuur nie aan die Kind oorgedra is nie. Sy was natuurlik deur die Heilige Gees geheilig. Hoewel Jesus eers later sou sterf, kon die Heilige Gees haar alreeds een met die Kind se offer gemaak het. Die Ou Testamentiese offers wat vooruit gesien het na die offer van God se onbevlekte Lam, het in elk geval reeds vir haar gegeld. God werk immers nie op ‘n ander manier vir die uitskakeling van sonde as deur Christus se sterwe en opstanding nie. Vir die ewige Wese is die toekoms alreeds deel van Sy nou.

Ja, die feit dat God Maria vir die ontvangenis van Sy Seun kon geheilig het, wys hoe effektief die verlossing alreeds was waarvan die Bewerker nou gebore sou word.

Heiligheid en laster

Die heiligheid van Jesus se ontvangenis en geboorte word sterk en duidelik in die geboorteverhale gestel. Saam met Jesus se opstanding uit die dode is dit die heiligste van die Heilige Vader (Joh. 17:11) se groot dade deur Sy Heilige Gees. Die engel beklemtoon hierdie heiligheid as Hy aan Maria sê: *Die Heilige Gees sal oor jou kom... daarom sal die Heilige wat gebore word...* Dat dit deur die Gees van Hom wat gees is, gebeur het, maak dit onmoontlik dat enigiets soos vleeslike drange of motiewe daartoe aanleiding gegee het (vgl. Joh. 1:13-14, 4:24). Dat God dit gedoen het deur 'n reine maagd wat op troue gestaan het en die huwelik laat deurgaan het, wys hoe Hy die huwelik as instelling geheilig het. Maria en Josef se huwelik het Hy in besonder geheilig om 'n bonatuurlike bewys te gee dat hierdie die langbeloofde Seun van Dawid is wat terselfdertyd die Here van Dawid is omdat Hy ook Seun van God is.

God het reg op alles van ons. Hy het al manne en vroue geroep om hulle werk te los, hulle gesinne te verlaat en hulle lewens in Sy diens te gee, bv. die apostels. Hiervan sou Sy Seun die uitstaande voorbeeld wees omdat Hy nie net die hemel moes verlaat nie maar selfs Sy lewe vir ons moes aflê. Dat God 'n verlowing en 'n huwelik vir Sy doeleindes sou opeis en gebruik, pas in by Sy heiligheid waardeur alles aan Hom toegewy moet wees. Dit pas ook by die heiligheid van Maria en Josef. Dit laat Hom en Sy wil bokant hulle begrip en verstand uitstyg om 'n ware offer van hulleself te bring. Watter oorwinnings vir Sy heiligheid en geregtigheid, watter verlossing van sonde en die verbreking van Satan se mag sou hierdie vleeswording van die Seun van God nie meebring nie. Hoe kon so 'n ontvangenis en geboorte iets anders as absoluut heilig gewees het!

Sommige wat die maagdelike geboorte verloën, gaan so ver as om Maria van hoerery met 'n Romeinse soldaat te beskuldig. 'n Mens sidder om so 'n gedagte te herhaal al is dit net om dit af te wys. Die optrede van engele is genoegsame weerlegging van sulke walglike bewerings. (Sien hierbo.)

Dit is duidelik dat Maria nie aan Josef van haar swangerskap vertel het nie. Sou sy nie geweet het dat haar swangerskap die edele Josef sou skok en ontstel nie? Dit sou nie gepas het dat iets so heilig, so goddelik deur haar vertel moes word nie. Dit sou daarop neerkom dat sy haarself oor iets so intiem en persoonlik moes verdedig en regverdig en nie gepas het by die beskeidenheid wat die Skrif van die gelowige vrou vra nie (1 Tim. 2:9-10). Die Here alleen sou 'n man van Josef se karakter daarvan moes verseker. Sy sou Hom net daarvoor kon vertrou het. So sou haar onskuld en heiligheid net nog meer uitkom.

Jy moet die beskuldigers van Maria waarsku. Weet hulle wat hulle sê/skrywe? Hulle is besig om te laster. Laat hulle hulle bekeer voordat dit te laat is omdat sulke laster baie naby kom aan sonde teen die Heilige Gees. (Sien die studie daaroor wat, soos die Here wil, binnekort op hierdie webwerf geplaas word.)

Vir gelowiges: Aanbid God vir die menswording van Sy Seun. Ons weet immers wie Hy is en hoe Hy ons daarvan verseker het – deur Sy Gees en Sy Woord. Wie meer as dit soek, sal dit nie kry nie omdat dit een van die dinge is waarvoor daar net een verklaring moontlik is – **God!** Daar is nie groter of meer as Hy nie.

As jy dit nie wil aanvaar nie, bly daar net aan ander moontlikheid oor, nl. ongeloof wat gebou word op 'n leuen.